# JUFFROU ANRI-WENKE #5

## Samewerkingsgeleentheid met LAPA-Uitgewers

---

### DIE VOORDELE VAN HARDOP VOORLESING IN DIE KLASKAMER

**Waarom hardop voorlesing kragtig is**

- Dit bou leerders se woordeskat en begripsvaardighede: Leerders hoor ryk taal, idiome en woordeskat wat hulle nog nie self sou kies nie.
- Modelleer vloei en intonasie: Die onderwyser "wys" hoe leestekens klink, waar om te pouseer, en hoe stemtoon die betekenis kan verander.
- Ontwikkel luistervaardighede: Leerders leer hoe om hoofidees uit 'n mondelinge teks aan te haal.
- Inklusief: Moeiliker of langer tekste raak bereikbaar vir lesers wat 'n leerhindernis óf beperkte woordeskat het.
- Bou kennis én empatie: Stories, sowel as nie-fiksie tekste, brei wêreldkennis uit en laat leerders ander perspektiewe beleef. Dit skep ruimte vir die waardering van ander kulture en tradisies.
- Ontwikkel 'n liefde vir lees: Positiewe, gedeelde leeservarings kan 'n liefde vir lees kweek.

**Hoe om hardop voorlesing doelgerig te doen**

**Pre-lees**

- Kies die teks doelbewus: Koppel die teks aan 'n lesdoelwit (tema, woordeskat, genre, vakinhoud).
- Bespreek onbekende woorde: 3-5 terme met voorbeelde/prente.
- Stel 'n luisterdoelwit: "Luister vir die konflik/argument/3 feite."

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

**Gedurende lees**

- Modelleer deur hardop te dink: 2-3 kort pouses: voorspel, vra "hoekom", koppel die teks aan die leerders se voorafkennis.
- Demonstreer intonasie: Varieer tempo/volume en demonstreer hoe leestekens 'n mens se stem lei.
- Vra hardop vrae: Raadpleeg *Barrett se Taksonomie* hiervoor.
- Visuele ondersteuning: Beeld een paragraaf visueel uit.

**Post-lees**

- Reaksie op teks: 'n Blitsvinnige oefening van 30—60 sek. waar leerders "skryf-en-deel", bv. iets wat hulle geleer het, 'n vraag wat hulle het, insig wat hulle uit die storie gekry het.
- Opsioneel: Luisterbegripsvrae.

**Differensiasie per fase**

- Gr. R-3: Korter tekste, baie prente en ritmes, herhaal belangrike gebeure en voeg beweging by (bv. Beeld uit dat die karakter bang is).
- Gr. 4-7: Hoofstukke uit 'n roman of reekse: fokus op woordeskat, struktuur (hoofgedagte/ondersteunende gedagtes) en karaktermotiewe.
- Gr. 8-12: Uitdagende fiksie én nie-fiksie met die fokus op retoriese tegnieke, argumentering en skrywerstegnieke.

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

**Meertalige en EAT-klaskamers**

- Sleutelwoorde: Gee en bespreek kernwoorde in Huistaal en EAT.
- *"Code switching":* Kort verduidelikings in leerder se sterker taal om begrip te bevestig.
- Klank-ankers: Herhaal moeilike woorde stadig; laat leerders dit ook herhaal.

**Wenke vir bestuur**

- Roetine: Dieselfde tyd/dag, 8-12 minute is genoeg.
- Relevansie: Kies novelle, kortverhale of nie-fiksie tekste waarby die leerders aanklank sal vind. Aktuele tekste sal die leerders interesseer.

**Idees vir leesperiodes:**

- Maandag: 10 min. nuusartikel koppel aan inhoudsvak.
- Woensdag: Lees een hoofstuk en bespreek die nuwe woorde.
- Vrydag: Stop voor die einde. Leerders skryf twee moontlike eindes.

Hardop voorlesing is 'n wonderlike belewenis wat baie leerders nie tuis ervaar nie. Maak die leerders opgewonde en gee selfs vir hulle die geleentheid om 'n volgende (gepaste) roman te kies wat julle gaan lees. Hardop voorlesing is kern-onderrig wat luister, taal, kennis én vertrouensverhoudings op alle vlakke bou.

Liefde

Juffrou Anri

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com